LAERSKOOL *Durbanville* **PRIMARY SCHOOL**

Weyerslaan Telefoon 976 8115 Telephone Weyers Avenue
Durbanville 7550 Durbanville 7550

Faks / Fax: 021- 975 1706 (Kantoor / office) E-pos / E mail: office@durbieland.com

Omsendbrief 14/2021 13 Oktober 2021

Geagte Ouer

LAERSKOOL DURBANVILLE-GHOLFDAG: VRYDAG, 12 NOVEMBER 2021

Die Durbie Aksie 2021-fondsinsamelingskomitee kondig met trots aan dat Laerskool Durbanville se jaarlikse gholfdag op Vrydag, 12 November 2021, vanaf 11:30 by Durbanville Gholfklub aangebied word.

Die hoofdoel is om fondse vir die skool in te samel en ons rig dus ‘n vriendelike versoek aan u om hieraan deel te neem. Dit beloof om weereens ‘n prestige geleentheid te wees en u kan verseker wees van ‘n heerlike dag. Ons doen ‘n beroep op maatskappye, organisasies en individue om hierdie geleentheid deur middel van borgskappe, donasies en pryse te ondersteun. Ons sal poog om aan u borgskap so veel as moontlik blootstelling te gee.

Hierdie jaar se kompetisie sal die formaat van ‘n 4-Bal Beterbal Stableford aanneem. Alle deelnemers speel vanaf hulle **klubvoorgee**. **Gholfspelers wat nie aan ‘n klub behoort nie, moet van die volgende voorgee speel: mans 18 en dames 24. Maak asseblief baie seker van u voorgee voor u afslaan.** Spogpryse van meer as **R20 000** kan gewen word. **‘n Ete word aan alle spelers bedien, wat aandui dat hulle die prysuitdeling sal meemaak.**

Voltooi die meegaande inskrywingsvorm indien u ‘n vierbal wil inskryf, ‘n putjie wil borg of pryse wil skenk. Maatskappye wat skenkings en borge bewillig sal deur die loop van die aand se verrigtinge blootstelling op die groot skerm geniet. Die voltooide vorm moet mev. Hester de Klerk, in harde kopie of per e-pos (hester@durbieland.com) bereik teen **Vrydag, 22 Oktober 2021**.

Ons sien uit na u deelname aan en ondersteuning van vanjaar se gholfdag.

Vriendelike groete

Mev. H. de Klerk
KOÖRDINEERDER

Mnr. H. Engelbrecht
DURBIE AKSIE 2021

P. du Toit
SKOOLHOOF

DURBIES VIR ALTYD

Waarde vir die maand:

LAERSKOOL DURBANVILLE GHOLFDAG
12 NOVEMBER 2021

PLEK: DURBANVILLE GHOLFBAAN
FORMAAT: 4-BAL BETERBAL STABLEFORD
KOSTE: R3 000 PER VIERBAL

U inskrywingsgeld sluit in:
Ete, verversings, pragpryse te wen en ‘n gelukkige trekking.

Volledig voltooide vorms / inskrywings moet teen **Vrydag, 22 Oktober 2021**, gestuur word na **hester@durbieland.com**.

Dui aan waar u ons kan ondersteun:	**Koste:**	**Ja / Nee**
1. Vierbal-inskrywing	R3 000	
2. Borgskap van bof/setperk (Alle advertensiemateriaal word deur die borg self voorsien en opgerig teen **10:30 op Vrydag, 12 November 2021**. Reëilngs vir die oprig daarvan moet self deur u met die baanbestuurder by die gholfklub getref word.)	R2 000	
3. Kombinasie: Vierbal-inskrywing **en** borgskap van bof/setperk	R 4 000	
4. Skenking van pryse, kontantdonasie, borgskap, ens. (Skenkings, pryse, ens. moet die skool bereik teen **Vrydag, 5 November 2021**.)		

Naam & Van:	Kontaknommer:

Indien u as borg vir ‘n setperk/bof of prys optree, geniet u maatskappy blootstelling deur die loop van die aand se verrigtinge. E-pos u bemarkingslogo in **j.peg-formaat** teen **Maandag, 25 Oktober 2021** na **hester@durbieland.com.**

Vir vierbal-inskrywings **MOET** hierdie vorm volledig voltooi word:

Naam van span of maatskappy:			Voorkeur afslaantyd: (11:30-13:30)	
Spanlede: (Volle naam & van)	1.	2.	3.	4.
Kontaknommer:				
E-pos:				
Klublid:	Ja / Nee	Ja / Nee	Ja / Nee	Ja / Nee
Klubnaam:				
Woon funksie by:	Ja / Nee	Ja / Nee	Ja / Nee	Ja / Nee

Alle betalings moet teen **Maandag, 25 Oktober 2021**, reflekteer om te dien as bevestiging.
Betalings vir inskrywings geskied per vierbal, geen individuele betalings nie asb.

Bankbesonderhede:
Laerskool Durbanville
ABSA Durbanville (Takkode: 632005)
Rek. No.: 1410670115 (Tjekrekening)
Verwysing: 1010/003 & Naam van span of maatskappy